

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

BESLOTE KORPORASIES

Daar is heelwat boerderye wat ten volle, of dan ten dele, in die vorm van 'n beslote korporasie (BK) bedryf word. Buiten die belastingvoordele wat 'n BK bied, is die vernaamste rede vir die gebruik van BK's die beperkte aanspreeklikheid wat dit ten opsigte van skuldeisers bied. Daar is egter verantwoordelikhede aan verbonde om 'n lid van 'n BK te wees.

Prosedure

Daar is 'n sekere prosedure verbonde aan die stig van 'n BK. Eerstens moet daar 'n naam vir die BK gereserveer word. Dit moet by die Registrateur van Beslote Korporasies gedoen word. Daar is 'n voorgeskrewe vorm wat ingevul moet word en ook 'n vasgestelde bedrag wat betaal moet word. Naamsreserverings kan deesdae ook deur middel van die Internet gedoen word.

Die Registrateur sal dan kyk of daar nie alreeds 'n BK met 'n ooreenstemmende naam bestaan nie. Die naam moet ook tot 'n redelike mate verband hou met die BK se besigheid. Verder moet die naam nie misleidend of verwarrend wees nie.

Nadat 'n naam goedgekeur en gereserveer is, kan die BK gestig word deurdat 'n stigtingsverklaring voltooi word. Op hierdie stigtingsverklaring word die BK se naam, besigheid, jaareinde, rekeningkundige beampte en lede se besonderhede aangedui. Nadat die Registrateur hierdie dokument bekragtig het, is die BK gestig en kan dit begin handel dryf. Die stigtingsverklaring (CK1) is die ID-dokument van die BK en word orals benodig waar die BK besigheid doen soos by handelsbanke, koöperasies en SARS.

Indien die BK vir BTW wil registreer is daar 'n verdere prosedure wat gevolg moet word omdat dit nie outomaties vir BTW geregistreer sal wees nie. 'n Besigheid is verplig om vir BTW te registreer as sy omset meer as R300,000 per jaar sal wees. Daar is egter ook geleentheid om vrywillig vir BTW te registreer met 'n omset van minder as R300,000 mits die omset meer as R20,000 sal wees. Verskeie dokumente, soos 'n onlangse bankstaat, diensterekening, stigtingsverklaring en 'n sakeplan moet saam met SARS se registrasievorm vir BTW-registrasie ingedien word.

Beperkte aanspreeklikheid

In die geval van 'n eenmansaak word daar nie onderskeid getref tussen die eenaar in sy persoonlike hoedanigheid en sy besigheid nie. In die geval van 'n BK is die BK 'n afsonderlike regsentiteit en is daar 'n duidelike skeidslyn tussen die eenaars (lede) en die besigheid. Die eenaars stort gewoonlik 'n bedrag in die BK in die vorm van 'n ledebelang om die BK van aanvanklike fondse te voorsien. Volgens die Wet op Beslote Korporasies is slegs daardie aanvanklike kapitaal aan skuldeisers beskikbaar indien die BK insolvent sou raak en nie ook die lede se persoonlike bates nie. Vandaar dus die term "beperkte aanspreeklikheid". Daar is egter sekere voorwaardes aan die beperkte aanspreeklikheid verbonde:

- Die afkorting "BK" moet deel van die BK se naam vorm wanneer die BK 'n transaksie met 'n ander party aangaan;
- Die lede moes reeds hulle ledebydrae aan die BK gelewer het;
- Slegs natuurlike persone en spesiale trusts mag lede van die BK wees;

- Die BK moet solvent en likied wees volgens sekere vereistes van die Registrateur;
- Nie een van die lede mag gediskwalifiseer wees om lid van die BK te wees nie;
- Die rekeningkundige beampte se posisie mag nie vir meer as ses maande vakant wees nie;
- Die BK moet steeds geregistreer wees;
- Veranderinge in besonderhede soos lede, rekeningkundige beampte of hoofbesigheid moes deur middel van 'n gewysigde stigtingsverklaring aangebring gewees het.

Indien daar nie aan bogenoemde vereistes voldoen word nie, sal lede outomaties ook in hulle persoonlike hoedanigheid vir die BK se skulde aanspreeklik wees. Verder versoek bykans alle kredietverskaffers (banke en koöperasies) dat lede borg staan vir die BK se skulde. Daarmee word die voordeel van beperkte aanspreeklikheid in elk geval tot 'n groot mate geëlimineer.

Belastingimplikasies

BK's betaal soos maatskappy, inkomstebelasting teen 'n vaste koers van 29%. Daar is egter 'n spesiale vergunning waar BK's of maatskappye wat aan die vereistes van 'n klein sake-onderneming voldoen, inkomstebelasting teen 'n laer koers betaal. Hierdie vereistes is dat die BK of maatskappy:

- Se lede almal natuurlike persone moet wees;
- Se lede nie ook lid van enige ander BK of privaat maatskappy mag wees nie;
- Die omset nie meer as R14 miljoen per jaar mag wees nie;
- nie meer as 20% van sy bruto inkomste uit beleggingsinkomste ontvang nie;
- nie 'n werknemersbesigheid mag wees nie.

Die belastingtoegewing is dan soos volg:

- Geen belasting op die eerste R40,000 se belasbare inkomste nie;
- 10% belasting op die belasbare inkomste tussen R40,000 en R300,000;
- 29% belasting op die belasbare inkomste bokant R300,000.

Slotsom

Daar is verskeie voordele aan verbonde om die boerdery ten volle, of dan gedeeltelik, in 'n BK te bedryf. Daar is 'n besliste belastingvoordeel daaraan verbonde maar daar is ook die kwessie van beperkte aanspreeklikheid. Lede van BK's moet baie versigtig wees ten opsigte van die beperkte aanspreeklikheid. Eerstens verplig bykans alle kredietverskaffers die lede om in hulle persoonlike hoedanigheid borg vir die BK te teken en sodoende word die beperkte aanspreeklikheid verbeur. Dit gebeur soms onbewustelik deurdat die lede nie altyd besef dat hulle so 'n borgskap onderteken het nie. Tweedens moet daar baie duidelik onderskei word tussen watter bates aan die BK behoort en watter in die lede se persoonlike hoedanigheid besit word. Boere is geneig om nie 'n duidelike onderskeid tussen hulself en hulle BK's te tref nie omdat hulle nie besef dat die BK 'n regsentiteit van sy eie is nie. Die boer wat 'n BK binne sy boerderystruktuur aanwend moet dus die verantwoordelikhede daar rondom besef en deeglik daarvan bewus wees wanneer hy in sy persoonlike hoedanigheid optree en wanneer hy as lid van die BK optree.